
Publication: Landbouweekblad
Date: Friday, March 16, 2018
Page: 30





# Bestuur só lewende testamente

**Hoewel 'n lewende testament geen regsafdwingbaarheid het nie, is dit 'n nuttige dokument waarin jy jou wense teenoor jou familie kan uitspreek oor hoe jou lewe volgens jou moet eindig in geval van siekte of trauma.**

Vandeesweek kyk ek na die sogenoemde lewende testament. Anders as wat ons gewoonlik van 'n testament verstaan, is die lewende testament se bedoeling nie die beskikking van jou goed ná dood nie. Dit gaan hier oor jou lewe, of liewer, die beëindiging van jou lewe.

Kortliks, dit is die dokument waarin jy 'n wens uitspreek om toegelaat te word om te sterf sonder onnodige pyn en leiding, en, ja, selfs net om jou waardigheid te beskerm op 'n tydstip wanneer jy nie meer beheer daaroor het nie.

Ek meen baie mense, indien nie die meeste nie, wil toegelaat word om in vrede en met waardigheid te sterf as daar 'n tyd aanbreek wanneer jou liggaamstoestand dit vereis. Hoekom jou eie lyding uitrek as daar geen kans op beterskap is nie?

Dit is waar 'n lewende testament inkom. Dit is 'n dokument wat bepaal dat in gevalle van persoonlike pyn en leiding jou geliefdes die trauma gespaar kan word en dat geldverkwisting op duur, maar in werklikheid nuttelose, mediese behandeling voorkom word deur behandeling in sekere omstandighede te weier. Gewoonlik word daarin ook gevra dat die maksimum hoeveelheid medisyne toegedien sal word om pyn te verlig, al beteken die toediening daarvan 'n vroeër dood.

Dit skep 'n bietjie van 'n regsdilemma, want 'n lewende testament het geen regsafdwingbaarheid nie. Dit is bloot 'n dokument waarin jy 'n wens uitspreek. Ondersteuners van lewende testamente sal jou daarop wys dat jou menswaardigheid ingevolge die Grondwet (Wet 108 van 1996) gewaarborg is (artikel 10) en dat jy beheer oor jou eie liggaam het. Jy mag nie blootgestel word aan mediese eksperimente sonder jou ingeligte toestemming nie (artikel 12).

Dit bied 'n sterk argument aan ondersteuners van lewende testamente dat dit wel regtens afdwingbaar is in die sin dat die pasiënt daarin die regsperke neerlê van wat met hom of haar gedoen mag word, dat dit bindend is en dat 'n dokter wat dit ignoreer, regsaanspreeklik gehou kan word. Daar word reeds sedert 1998 na konsepwetgewing gekyk, maar die saak blyk steeds 'n tameletjie te wees.

## BESKERMING

Ek verstaan die bogenoemde argument, maar ek verskil. Ek kan nie sien hoe dit regsafdwingbaar kan wees nie. Waar trek jy die streep? Totdat dit deur die howe vasgestel is, is dit bloot 'n wens wat jy uitspreek. Dit is egter 'n belangrike wens, want dit sal help om jou dokter of jou familie wat daaroor sal moet besluit, te laat verstaan wat jy wou hê. Meer nog, dit kan aan hulle beskerming teen moontlike regstappe bied as hulle met 'n dokument as bewys kan aanvoer dat dit is wat jy wou hê.

In jou lewende testament sal jy byvoorbeeld die situasie bepaal wanneer die testament in werking moet tree en welke optredes jy versoek, soos die weiering van toestemming tot sekere behandelings. Een of twee familielede of vriende behoort by name die reg gegee te word om 'n besluit te neem, in oorleg met mediese kenners, om byvoorbeeld kunsmatige lewensmiddele te laat afskakel.

Nog 'n paar wenke: Moenie jou lewende testament saam met jou normale testament in 'n brandkluis wegsluit nie. Jou gewone testament word eers oopgemaak nadat jy dood is. Jy wil juis hê die lewende testament moet reël hoe jou lewe beëindig word.

Ek stel voor jy teken minstens twee afskrifte van 'n lewende testament. Een los jy by 'n nabye familielid en een by jou dokter. Dit is ook 'n goeie idee om die inhoud daarvan eers met jou dokter te bespreek.

As jy organe wil skenk, kan dit ook hier ingebring word, hoewel ek meen dit is beter om jouself by die Orgaanskenkerstigting te registreer (gaan kyk by **https://www.odf.org.za/**). Die probleem is ooglopend. As niemand van jou wens weet nie – en jou gewone testament word eers gelees lank nadat jy dood is – gaan die geleentheid verbygaan. **LBW**

*Nico van Gijsen is lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiëlerisiko-bestuursmaatskappy.*

NAVRAE: Nico van Gijsen, e-pos: **nico@finlac.com**; tel. **021 461 2067**.

This material is not for sale or retransmission due to copyright.